## LEEF IN DIE GELOOF

2 Kor 13:5-13 (vers:5)

1. DALK NET ‘N RESITASIE?
Die meeste van ons hier vanmore is belydende lidmate van die NGK. Ons het maw openlik voor God en getuies bely dat ons glo. Ons doen dit trouens gereeld wanneer ons hier in die erediens saam is – hardop saam of saggies in ons harte soos vanmore.
Vers 5 gaan ‘n tree verder en vra dat ons onsself sal ondersoek of ons in die geloof LEWE, of ons BELYdenis ook ons beLEWEnis is. *Leef ons* soos mense wat hierdie dinge glo? *Doen ons* volgens wat ons sê ons glo?
Of is dit alles maar net mooi *teorie,* ‘n **resitasie** wat ons opsê?

2. STAAN VOOR DIE SPIEëL
Die **aanleiding** tot hierdie woorde was die feit dat baie in Korinte Paulus se apostelskap bevraagteken het: *“Julle soek mos ‘n bewys dat Christus deur my praat.”* (:3a) Nadat hy baie moeite gedoen het om die bedenkinge te weerlê, kom hy nou by die punt waar hy vir hulle sê dat hulle moet ophou om allerlei vrae oor sy apostelskap te stel en liewer’n slag *by hulleself* uitkom. Hulle het hom getoets en op die proef gestel, nou moet hulle dit met hulleself ook doen.
**Jesus** het al op die **mens se neiging** gewys om die *splinter* in die ander se oog raak te sien en nie die balk in jou eie oog nie! Om die *fout* by al die ander ipv jouself te soek; om altyd vir ander die *skuld* te gee.
Laat ons **dapper en volwass**e genoeg wees om vandag nie deur ‘n verkyker of vergrootglas na *ander* te kyk nie (Ghadaffi, Malema, familielid), maar voor die spieël te gaan staan en, soos wat hier staan, *onsself ondersoek of ons in die geloof lewe!*

3. HIEROP Sê ONS AMEN
Daarvoor stel ek voor dat ons by **die einde van die Brief** begin, by die woorde waarmee Paulus die brief afsluit. Dit is die *mees volledige seëngroet* van al sy Briewe. Dit het dan ook deel geword van die Christelike kerk se liturgie en ons sluit ons eredienste ook die meeste van die tyd daarmee af: *“Die genade van ons Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sal by julle almal wees.”* Dis ‘n **geweldige ryk toesegging** en omdat dit *so bekend* is, besef ons dit dalk nie aldag meer nie. Kom ons dink net weer daaroor:

3.1 DIE GENADE vd *Here Jesus Christus*: Dit herinner aan wat Hy **vermag** het deur sy sterwe en opstanding en dat dit ons gratis, **onverdiend** geskenk word: die vereffening van al ons *skuld* by God, die *vryspraak* voor die regterstoel van God, *vergiffenis* van al ons sonde, die *redding* van die ewige verderf, die *ewige lewe*, *kindskap* van God – dis **alles ingesluit** by die genade vd *Here Jesus Christus*!

Dis soos wat ons **netnou gesing** het *"onbeskryflik groot genade"! (Amazing Grace)* Herdie genade is ons deel.

3.2 DIE LIEFDE VAN GOD: Dit herinner aan **die bron** van hierdie genade, dat dit afkomsitg is van 'n liefdevolle God: *"God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat die wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê."* (Joh 3:16) Die woorde van **Lied 332** sluit hierby aan: *"God se liefde, so oneindig, sien die nood van sondaars raak, en God stuur vir hul die Christus wat van sondaars kinders maak."* En **Rom 8** wys ons daarop dat as God "*sy eie seun nie gespaar het nie, maar Hom oorgelewer het om ons almal te red – Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom skenk nie?"* (:32) God se liefde sluit alles  in wat Hy weet dat ons nodig het. En dan kry ons in dieselfde hoofstuk die **versekering** dat *niks ons van die liefde van God kan skei nie* (:39). Hierdie liefde is ons deel.

3.3 DIE GEMEENSKAP VAN DIE Heilige Gees: Dit herinner ons dat ons **nie op ons eie i**s nie. Die Gees **verbind** ons eerstens *met God*. Waar kom ons *geloof* vandaan? Van die Heilige Gees: 4:14 wys daarop dat dit die HG is wat die geloof in ons wakker maak  (*"Ons het dieselfde Gees wat die geloof wek…")*
Maar Hy verbind ons tweedens ook *met mekaar*. Wanneer ons kinders van God word, word ons een groot *familie*, mekaar se broers en susters. Die kerk is nie maar 'n organisasie nie, maar 'n *geloofsgemeenskap*. Ons leef in gemeeskap met mekaar en met die Heilige Gees. Hy is **altyd by ons as ons** *Trooster* en *Helper* en *Leidsman* en *Voorspraak* (Joh 14:16, 17; 16:13). Ons lewe ons ganse lewe **in Sy teenwoordigheid**. (horlosie; Coram Deo)

4. LééF ONS IN HIERDIE GELOOF?
DIT is in breë trekke **die toesegging** waarmee God ons uit die erediens wegstuur  … en dan sê/sing ons **"Amen" daarop.**
"AMEN" **beteken** "*Ja, dit IS so",* maw ons *glo en aanvaar* dit as die waarheid, ons *eien* ons dit toe. God *gee* dit en ons *neem* dit. Die Amen is dus ook 'n **belydenis van geloof.** En dit bring ons **terug by die vraag** in ons teksvers: Wanneer ons hier uitstap, gaan LEEF ons in daardie geloof? **Vers 11 sal ons help om te weet.**

4.1 WEES BLY
Daar staan ons moet BLY wees. Wanneer 'n mens **leef in die besef van** Jesus se genade, God se liefde en die Heilige Gees se gemeenskap, sal jy mos nie anders kan as om blydskap in jou lewe te hê nie! Dis tog iets waaroor 'n mens jou ALTYD kan verbly. Dit verklaar hoedat Paulus aan die Filippense kon skrywe: "*Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly!"* (4:4) Dis 'n blydskap IN DIE HERE. Wanner jy weer **die dag af voel**, dink weer oor Sondag se seëngroet en sê weer "Amen" daarop! <u>Mense wat in die geloof lewe, leef met blydskap in hul harte.</u>

4.2 STREEF NA GEESTELIKE VOLWASSENHEID
Vers 11 lui verder dat ons moet *streef na die geestelike volwassenheid*. Ons leef in die **teenwoordigheid van God**. Daarom wil ons nie tevrede wees met *middelmatigheid* in ons geestelike lewe nie. Ons wil 'n *tempel tot Sy eer* wees. Daarom wil ons soos daar in vers 7 staan "*niks verkeerds doen nie*", maar liewer die *"goeie doen".* Danksy die gemeenskap van die Heilige Gees kan ons *meer as oorwinnaars* wees en toeneem in heiligmaking. <u>Mense wat in die geloof lewe, wil graag meer-en-meer soos Jesus wees</u>.

4.3 AANVAAR VERMANING
Die derde opdrag is AANVAAR VERMANING. Wees *nederig*, moenie bang wees om jou *foute te erken* en jou sonde te bely nie. Die meeste mense **sukkel** hiermee. Dit was dalk *die rede* vir die vrae oor Paullus se apostelskap. Wanneer iemand vermaan word, is hy/sy **gou om te vra**: *"Wie is jy miskien?"*
Kom ons aanvaar vermaning liewer as deel van **omgee**. "*Wie hom laat leer, ken die pad na die lewe; wie teregwysing verwerp, dwaal van die pad af."* (Spr 10:17 vergl ook 12:1; 15:5) Jesus het gesê dat die HG kom o.a. om ons te **oortuig van sonde** (Joh 16:8). Hy kan ook ander mense daarvoor gebruik en dat moet ons ons nie *teen Hom verset nie*. Die woord vir vermaning word soms ook met *aansporing* of *onderrig* vertaal. Dit is dus *positief* bedoel, om *op te bou en nie om af te breek nie*, soos wat Paulus sy eie bedoeling verduidelik in vers 19 van die vorige hoofstuk: *"Alles wat ons doen, geliefdes, is in belang van julle geestelike opbou."* <u>Mense wat in die geloof lewe, sal vermaning aanvaar as deel van die proses van heiligmaking waarmee die HG in hul lewe besig is.</u>

4.4 WEES EENSGESIND
Dan staan daar ook "*wees EENSGESIND*". Letterlik beteken dit *"bedink dieselfde ding".* Soos **in die erediens**, gaan dit **daarbuite** vir ons almal om dieselfde ding nl **die eer van G**od. Ons gaan sit die erediens daarbuite voort – net op *ander plekke* en *ander omstandighede*. Paulus verwys in 12: 20 na *twis, naywer, selfsug, kwaadpatery, nuusdraery, verwaandheid en wanordelikheid*. Dit is nie soos wat mense optree wat in die geloof lewe nie. *God is drie, maar Hy is ook een*. <u>Netso is ons nie almal **eenders nie**, maar die Heilige Gees het ons een geloofsgemeenskap gemaak en ons behoort almal **een ding te wil** en dit is dat God se wil sal geskied. So leef ons in die geloof</u>. (Bosberaad)

4.5 LEEF IN VREDE
Die laaste wat genoem word, is "*leef in VREDE*". *"Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe."* (Ef 4:3) Mense wat bewus is dat alles genade is, **tree genadig** op. Mense wat baai in God se **liefde, straal** dit ook aan aander uit. Mense wat weet wat

dit **God gekos** het om vrede tussen ons en Hom en tussen ons onder mekaar te bewerkstellig, sal besef *hoe kosbaar* dit is en sal dit op geen manier *in gevaar wil stel nie*. Inteendeel, hulle sal **vredemakers** wees.

5. BELOFTE
Geliefdes, dit is **wat dit o.a. beteken** om IN DIE GELOOF TE LEWE: om **bly** te wees, te **streef na** geestelike volwassenheid, **vermaning** te aanvaar, **eensgesind** te wees en in **vrede** te lewe. Vir diesulkes is daar die wonderlike belofte: *"En die God van liefde en vrede sal by julle wees!"* (:11) In so 'n gemeente, huwelik, gesin, in so 'n lewe **voel God tuis.**

Amen
26.06.2011